word van hulle plase en grond? -- Daarvan is ek nie bewus nie.

Jy weet dit is 'n wet van die land dat Swartpersone bewysboeke moet dra? Identiteitsdokumente of bewysboeke? -- Ek weet van daardie wet, ja.

Die ANC is nie daarmee tevrede nie? -- Eerstens sal ek sê die hele Swartbevolking is teen die dra van bewysboeke.

En daarom die ANC ook? -- Dit is so.

Toentertyd toe jy gearresteer is en jy hierdie veertien dae gaan help het varkhokke skoonmaak op die ou
K140 einde, het jy geweet dat jy 'n bewysboek moet dra? -- Ek het geweet, ja.

Toe jy in die gevangenis beland het, jy sê jy weet nie of jy 'n boete opgelê is nie, maar toe jy nou in die gevangenis beland het, was dit vir jou beter om uit te gaan en op 'n plaas te werk en iets te verdien of om in die gevangenis te sit? -- Ek sal nie enigeen van hierdie twee was enigsins beter gewees nie. Dit is slegter vir my om op 'n plaas te gaan werk as om in die gevangenis te wees.

Hoekom? -- Ek het al gesê, hierdie twee plekke is vir my baie slegte plekke, altwee, maar dit is erger op die plaas as in die gevangenis.

Hoekom? Omdat jy daar moes werk? -- Eerstens, die persoon onder wie ons moes gewerk het, was 'n persoon met 'n baie slegte hart. Tweedens, die kos wat ons daar op die plaas geëet het, sou hierdie boer se varke nie geëet het nie. Dit wil sê die kos wat ons vir die varke gevoer het, was 'n bietjie beter as die kos wat ons geëet het.

Toe is jy sommer met die hele sisteem in Suid-Afrika

... / ontevrede

ontevrede? -- Ja.

Met die Soweto-onluste in 1976, sê jy was daar 'n geleentheid of twee geleenthede gewees - kom ons gaan eers na die eerste een toe - waar jy 'n klomp skoliere ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik. U begin nou na 'n nuwe gedeelte gaan?

MNR. JANSEN : Ja.

HOF : Ek dink ons kan die verdaging nou neem.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

IKANYENG MOSES MOLEBATSI, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JANSEN (vervolg) : Jy het vir die Hof vertel met die Soweto-onluste het jy een dag gekom en gesien daar is twee groepe mense, die een kant studente en die ander kant polisie? -- Ek het so gesê, ja.

Wat het die polisie daar gemaak? -- Hulle het geskiet.

Baie geskiet? -- Ja.

Waarmee? -- Hulle het vuurwapens gehad.

Watse tipe vuurwapens? -- Die langes bekend as die FN.

Het hulle in hierdie skare studente in geskiet? -- Ja.

Het hulle baie doodgeskiet? -- Nee.

Het hulle swak geskiet? -- Ek het net die een gesien wat hulle geskiet het. Hulle was naby gewees.

Ja, maar het die polisie swak geskiet? Hulle skiet baie skote met hierdie FN's tussen die klomp kinders in en hulle skiet hulle nie dood nie? -- Waar die skietery plaasgevind het, was in 'n beboude gebied. Daar was huise in die omgewing. Toe die polisie hulle vuurwapens optel en gereed maak om te skiet, het die kinders weggehardloop

... / en

en agter die huise geskuil.

So, die polisie het toe nie geskiet nie? -- Hulle het geskiet.

Baie geskiet? -- Hulle het geskiet.

Wat het die studente gedoen voor die polisie geskiet het? -- Ek weet nie, want dit was net toe ek by die toneel gekom het, dat hulle begin skiet het.

So, jy weet glad nie dat enige van die kinders iets verkeerd gedoen het daar nie? -- Ja, ek sal so sê, want dit was net die begin van die ding waarop ek afgekom het.

Hoeveel lyke het jy daar gesien lê? -- Op daardie dag en by die plek wat ek genoem het, het ek een gesien. Dit is by Mzinhlope. By Ekwezi op dieselfde dag het ek twee lyke gesien.

Watter van die geleenthede - die eerste of die tweede - het jy gesien dat die polisie die man vermoor wat daar in die straat lê? -- Dit was die tweede geleentheid gewees.

En die eerste geleentheid sê jy was daar net een lyk gewees? -- Die eerste geleentheid was by Ekwezi gewees waar ek die twee lyke gesien het. Die tweede geleentheid was die een gewees waar ek gesien het hy word van naby geskiet.

Was dit altwee geleenthede op dieselfde dag? -- Ja.

Nou goed, kom ons gaan nou na die tweede geleentheid toe. Jy sê daar het jy ook die polisie teenoor 'n groep studente gesien? -- Dit is so.

En het die polisie weer geskiet? -- Nee, toe ek daar kom, het ek gevind die polisie staan op een kant, so in 'n ry. Aan die ander kant was die studente gewees en die twee lyke was tussen die studente en die polisie gewees.

Dit is nou die geleentheid - die tweede geleentheid?

... / Die

-- Die geleentheid waarvan ek nou praat, is die eerste geleentheid by Ekwezi.

Ons het lankal klaar met die eerste geleentheid. -- Dit is waarvan ek gepraat het, van die Ekwezi-voorval.

Nee, maar ek praat nou van die tweede geleentheid. -- Dit is die voorval by Mzinhlope?

Ja. Daar het jy ook die polisie teenoor die studende gesien? --Dit is so.

En het die polisie daar ook geskiet na die studente? -- Dit is so.

Baie geskiet? -- Hulle het wel geskiet. Ek het wel skote gehoor, maar ek kan nie sê hoeveel keer het hulle geskiet nie.

Ja, maar jy kan mos nou hoor? Was daar baie skote of was daar min skote? -- Wat ek kan sê is dat ek wel skote gehoor het. Ek kan nie sê hoeveel hulle was nie. Ek het net gehoor tat-tat-tat-tat-tat.

Wat het die studente gedoen? Hoekom is op hulle geskiet? -- Dit is wat ek nie kan sê nie.

Het hulle niks verkeerd gedoen nie? -- Nee.

So, jy sê die polisie het daar in Soweto ingekom en onskuldige mense net begin doodskiet? -- Ek sal sê dat hulle geskiet het omdat hulle gedemonstreer het.

Hulle het nooit 'n klip opgetel om na die polisie te gooi nie? -- So 'n voorval het ek nie gesien nie. Ek kan ook nie sê hoe kan 'n persoon wat 'n vuurwapen het, met 'n klip gegooi word nie.

Het jy ooit gesien dat skole en ander geboue afgebrand word en busse uitgebrand word? -- Ek het net gehoor dat daar voertuie aan die brand gesteek was.

En skole en ander geboue? -- Ja, dit ook.

... / Weet

Weet jy dat daar mense vermoor is? Dit is deur die Swartstudente? -- Dit is iets nuuts.

Wanneer het jy toe besluit om Suid-Afrika te verlaat? Was dit met hierdie onluste of wat? -- Gedurende die onluste.

Was dit nie as gevolg van die probleem wat jy met die koerant Beeld gehad het nie? -- Nee. Dit is net iets wat bygedra het.

Wat was die rede gewees, hoekom presies wou jy die land verlaat? Wat het die onluste te doen gehad met jou besluit om die land te verlaat? -- Die slegte goed wat aan die Soweto-mense gedoen was, het vir my, net soos dit die ander mense geaffekteer het, ook geaffekteer.

Ek het vir 'n oomblik nou vergeet. Ek wil terugkom na hierdie geval toe waar die polisieman die man geskiet het. Was dit 'n man of 'n vrou of 'n kind wat daar doodgeskiet is deur die polisie? -- Dit was 'n manlike persoon. Ek sal nie sê dit was 'n volwasse Swartman nie.

Het ek jou reg verstaan, die Swartman het daar hulpeloos in die straat gelê. Toe kom 'n polisieman tot naby hom en skiet hom met opset dood terwyl hy hulpeloos daar lê? -- Dit is so.

Hoe ver was jy van die polisieman af gewees? -- Alhoewel ek nie die afstand kan sê nie, was ek binne-in die afstand waar ek kon sien dat hierdie ding gebeur. Ek het op die agterkant van 'n oop bakkie gestaan wat beweeg het, toe ek die gebeurtenis gesien het.

Was daar ander polisiebeamptes daar in die omgewing wat dit ook gesien het? -- Dit was 'n hele groep polisiebeamptes gewees.

Was daar ander maats van jou en ander Swartmense in

... / die

die omgewing wat dit ook gesien het? -- Ek sal nie sê maats van my nie.

Die mense saam met jou in die bakkie, het hulle dit ook gesien? -- Die mense wat in die bakkie was, het dit gesien.

Hoeveel mense was daar?-- Ons was drie altesaam gewees.

Was daar nog ander omstaanders in die omgewing wat dit ook gesien het? -- Ja, daar was mense gewees wat daar in die omgewing van die hostel, die Mzinhlope Hostel, gestaan het. Dit is by die hoofweg.

Sou jy die polisieman herken het as jy hom kort daarna weer gesien het? -- Nee.

Het jy ooit hierdie saak gerapporteer aan enige verantwoordelike instansie? -- Nee.

Hoekom het jy nie een of ander polisie-offisier gaan opsoek en vertel jy was ooggetuie van 'n man wat vermoor word nie? -- Ek kon nie na die polisie toe gegaan het nadat ek gesien het wat hulle aangevang het nie.

Ja, maar dit is nou 'n paar jongetjies wat werk in die strate gedoen het. Daar is mos offisiere. -- Dit is net iets baie sleg wat ek gesien het, wat my geaffekteer het en ek het weggegaan van daardie plek af.

Jy het dit nie oorweeg om byvoorbeeld vir jou predikant te gaan vertel dat hy iets daaraan kan doen nie? -- Nee.

Maar as ek jou getuienis nou verstaan, sê jy, ten aanskoue van 'n klomp van sy kollegas, ander vreemde mense in die straat, stap 'n polisieman nader na 'n man wat hulpeloos daar lê en hy vermoor hom? -- Dit is so.

Ek wil dit net aan jou stel dat ek aan hierdie Hof sal betoog om te bevind dat hierdie storie van jou só onwaarskynlik is dat hy dit kan verwerp as vals. -- U kan

... / dit

dit doen, maar waaroor ek hier getuig het, is wat ek met my oë gesien het.

Wat sou jy in Botswana gaan maak? -- Ek het alreeds verduidelik dat die doel was om die situasie te verlaat, om uit te gaan uit die situasie en moontlik in Botswana kom en 'n werk kry, 'n beter werk of miskien 'n "scholarship".

Waar wou jy gaan studeer het? -- Ek wou by enige plek gestudeer het, enige plek waar ek onderwys sou gekry het.

In Botswana? -- As daar so 'n plek was wat my sou gevat, sou ek daar skoolgegaan het.

Op daardie stadium het jy al geweet mense verlaat die land en hulle gaan Botswana toe? -- Ek het geweet.

Het jy gehoor dat iemand daar 'n goeie werk gekry het in Botswana? -- Nee.

Botswana is eintlik maar 'n arm land? -- Dit is so.

Jy het dit seker geweet voor jy die land verlaat het? -- Nee, voor ek die plek verlaat het, het ek nie geweet nie.

Jy het uitgevind watse vooruitsigte daar vir jou in Botswana is nie? -- Nee.

Hier was nou een dag 'n broer van jou in die hof. Hy loop kruppel. -- Dit is so.

Wat werk hy? -- Hy is 'n direkteur van die organisasie wat bekendstaan as Youth Allies Christian Organisation.

Hoe ver het hy geleer? -- Hy het vir 'n graad gestudeer in Godsdiens.

Ek het so 'n gerug gehoor hy werk op die oomblik aan sy Meestersgraad. Is dit reg? -- Ek is nie daarvan seker nie.

Het jy nog 'n ander broer wat ook gegradueer is? -- Ja,

... / ek

ek het.

Wat werk hy? -- Hy is nog steeds op Universiteit. Hy is by die Witwatersrand se Universiteit.

So, hier is geleentheid vir mense om te studeer, om goeie werksbetrekkings te bekom? -- My broer waarvan ek nou gepraat het, die een wat 'n graad het in Godsdiens, het in Amerika gestudeer. Hy het 'n beurs gekry. Die een wat tans by die Witwatersrand Universiteit is, was in diens van die maatskappy Singer en dit is die mense wat vir hom gehelp het. Wat nou gebeur is, 'n persoon werk vir 'n maatskappy en later gee hulle vir hom geld om verder te gaan studeer, is iets wat nou onlangs begin het.

Daar is nog net 'n paar aspekte wat ek met jou wil opklaar. Wat was julle gedagte, as dit nou nodig was om plofstowwe te gebruik by Waltloo, hoe sou julle die plofstowwe aktiveer? -- Dit sou afgehang het van omstandighede. Dit sou afgehang het van die inligting wat ons daar inwin. Ons kon dit met vuurhoutjies byvoorbeeld aangesteek het.

Kyk na foto 15 van BEWYSSTUK AB die elektroniese tydskakelaar. Ken jy hierdie apparaat? -- Ja, ek ken hierdie apparaat.

Dit is trouens gevind daar tussen julle wapens en ammunisie? -- Dit is so.

En jy het opleiding ontvang om die ding te werk? -- Ek het.

Jy weet daar is 'n vertragingsmeganisme ingebou? -- Dit is so.

Sou julle dit ook kon gebruik het om die plofstowwe te aktiveer? -- Indien dit nodig was.

Hoe vinnig werk die lont wat julle met die vuurhoutjie aan die brand sou steek? -- Ek praat onder korreksie,

... / maar

maar ek dink amper dat vir 'n duim neem dit 60 sekondes, dit is die lont.

Sou dit prakties wees om daardie tipe lont te gebruik by so 'n petrolopslagtenk? -- Ja.

Jy weet wie die drie manne is wat te Silverton Bank doodgeskiet is? -- Die een wat ek goed ken, is Zindile.

Ja, dit is Stephen Fanie Mafoko. Waar het jy hom leer ken? -- Vanaf Mosambiek en in November 1979.

En julle is die twee wat saam die land ingekom het? -- Dit is so.

Matue, sy regte naam is Humphrey Makhubo, ook bekend as Kenneth Oupa Jalobe, waar het jy hom leer ken? -- Alhoewel ek nie kan sê dat ek die persoon ken nie, het ek hom gesien by Mosambiek. Dit was toe ek teruggekom het Mosambiek toe in Desember 1978.

Waar het jy hom toe weer gesien? -- Ek het toe sy foto weer hier in die hof gesien.

In watter omstandighede het jy hom gesien in Mosambiek? Waar was dit? -- Dit was by die deurgangskamp, die "transit-camp" te Matola.

Wat het hy daar gemaak? -- Ek weet nie wat hy daar gedoen het nie. Hy was net daar saam met ander gewees.

Jy het hom seker dikwels daar gesien en sy gesig leer ken? -- Op 'n paar geleenthede, ja.

Hy was ook 'n ANC-man gewees? -- Ek dink so.

Wat sou hy anders daar gemaak het in die "transit-camp" as hy nie een van julle was nie? -- Dit is hoekom ek sê ek dink hy was 'n man van die ANC.

Jy weet hy was 'n man van die ANC. Dit is net opgeleide mense wat daar by Matola was, soos Zulu dit ook hier gesê het? -- Nee, daar is nog van die mense wat besig

... / is

is om Suid-Afrika te verlaat daar.

Ja, maar hulle word in 'n aparte deel gehou? -- Toe ek teruggekom het van Angola af, nadat ek my opleiding ontvang het, het ek by hierdie kamp te Matola gearriveer en toe ek daar kom, het ek gevind dat daar mense is wat nog nie opleiding ontvang het nie.

Wilfred Madela wat julle geken het as John, ook bekend as George Ceiani Mbele, waar het jy hom ontmoet? -- Ek het hom ook daar gesien, dieselfde tyd wat ek die vorige een gesien het. Dit was in Desember 1978.

Het jy geweet dat hy 'n opgeleide ANC-man is? -- Wat ek nie geweet het, is of hy opleiding ontvang het, al dan nie.

Het jy vermoed dat hy opleiding ontvang het? -- Ek het nie daaraan gedink nie. Ek het nie geweet of hy van die opleiding kom en of hy net pas uit Suid-Afrika gekom het nie.

Het jy geweet dat hy 'n ANC-lid is? -- Ek het hom wel by die plek gesien en aangeneem dat hy 'n lid is.

Het jy hulle twee nooit in Suid-Afrika gesien nie? -- Nie in Suid-Afrika nie.

Jy het hier gehoor dat dit 'n doelstelling van die ANC is, onder andere, om hulle leiers vrygelaat te kry? -- Ja, dit het ek gehoor.

En die ANC wou veral graag vir Nelson Mandela vrygelaat kry? -- Nee. Die ANC wou die vrylating hê van al die prisoniere, alhoewel ek nie sal kan sê of dit die belangrikste ding is wat die ANC beoog nie. Ek sal dit nie met hoofletters as belangrik skryf nie.

Maar die ANC, soos ek dit stel, wil darem seker graag hulle leier Nelson Mandela vrygelaat hê? Hy was

... / dan

dan oorspronklik die leier voor Oliver Tambo oorgevat het? -- Dit is so, ja. Die ANC wil hom hê asook die ander wat vir politieke sake veroordeel is.

Jy het geweet en het onderrig ontvang - of, laat ek dit so stel. Jy het geweet en is meegedeel, jy was bewus van die feit, dat sekere persone en organisasies al ander as gyselaars aangehou het? -- In die buiteland, ja.

Jy het ook die getuienis in hierdie hof gehoor dat die drie persone in die bank, dit is nou Zindile en John en George - nee, John en Matue en Zindile, persone in die bank as gyselaars aangehou het? -- Ek het dit gehoor.

En jy het ook gehoor dat hulle, onder andere, die vrylating van Nelson Mandela geëis het? -- Ek het dit gehoor.

Kan jy vir die Hof 'n verklaring gee, hoekom sou hulle dit doen? -- Eerstens, ek weet nie hoekom hulle na die bank toe gegaan het en hierdie ding aangevang het nie en dat hulle ook die vrylating van Mandela alleen geëis het, kan ek ook nie sê nie.

Zindile het saam met jou opleiding ontvang. Is dit reg? -- Nee.

Nou maar goed, hy het opleiding onder die vleuels van die ANC in Angola ontvang? Dit het jy geweet? -- Nee, dit weet ek ook nie. Wat ek sê is dat ek hom in November 1979 in Mosambiek gesien het vir die eerste keer.

Maar julle het tog saam die land ingekom en julle het saam in 'n basis gebly en julle het saam sekere verkenningswerk gedoen. Jy het tog seker met hom gesels oor sy opleiding? -- Ons gesels nooit oor die opleiding, waar 'n persoon sy opleiding ontvang het nie.

Zulu het hier getuig dat Zindile, onder andere, of

... / sover

sòver hy kan onthou, ook opleiding te Funda ontvang het? -- Ek weet dit nie.

Ja, maar hy het hier so getuig? -- Ja, dit het hy gesê.

En jy het ook daar opleiding ontvang? -- Dit is so.

Kan jy nou verklaar, julle twee wat altwee daar opleiding ontvang het, hoe kan Zindile so in die bank optree soos hy wel opgetree het? Kan jy vir die Hof 'n verklaring gee? -- Ek weet nie. Ek kan nie verklaar hoekom hy dit gedoen het nie. Wat ek kan sê is, met sy optrede by die bank, dat hy nie die nodige dissipline gehad het nie.

As jy opdrag sou ontvang van Oliver Tambo persoonlik dat jy 'n persoon of persone moet aanhou as gyselaars ten einde 'n belangrike doelstelling van die ANC te bereik, wat sou jy doen? -- Ek sal nie so 'n opdrag aanvaar nie, aangesien dit teenstrydig sal wees met wat hulle vir ons geleer het.

Ja, maar as Oliver Tambo nou kom en hy sê vir jou "kyk, jy is nou 'n uitgesoekte man, ek wil 'n spesifieke opdrag aan jou gee. Gaan na 'n sekere plek toe, hou die mense daar aan as gyselaars en eis die vrylating van Nelson Mandela"? -- Nee, hierdie sending sal ek nie aanvaar nie en as die organisasie dan met sulke optrede wil begin, dan sal ek myself onttrek uit die organisasie. Ek sê dit, want die hele tyd toe ons opleiding ontvang het, is ons nie van sulke goed geleer nie. Inderdaad was hulle teen ander organisasies wat hierdie soort van goed aangevang het.

Ja, hulle was teen onoordeelkundige skietery en neem van menselewens? --Asook die hou van mense as gyselaars soos byvoorbeeld die vliegtuig wat geneem was deur die Red Army wat hulle na Libië toe geneem het.

... / Kyk

Kyk weer na BEWYSSTUK AC foto's 1, 2, 3,4 en 5. Dit is die DLB waar julle die wapens gekry het? -- Dit is die DLB waar ons die wapens gekry het.

Wie was almal bewus van die bestaan van hierdie DLB? -- Ons was almal hiervan meegedeel.

Dit is nou? -- Insluitende myself, Zindile en beskuldigde nr. 5.

En al die wapens wat later by die "half-way" en by basis 2 en basis 3 gekry is, kom uit hierdie trommel? -- Ek dink so. Ek dink dit kom almal uit hierdie DLB.

En jy het besit gehad van die wapens, saam met die ander manne? -- Ek sal nie sê ek was in besit van die goed nie, want aan ons is gesê om na die DLB toe te gaan en die goed te vat wat ons nodig sal hê.

Jy en beskuldigde nr. 5 en Zindile was die persone wat in besit en beheer was van al die goed in daardie DLB? -- Dit is so.

En jy was ook in besit gewees van 'n Makarov-pistool tydens jou arrestasie en 'n hoeveelheid ammunisie daarby? -- Dit is so.

Wie was die leier van julle groep? -- Ek was die "commander" gewees.

RE-EXAMINATION BY MR. BROWDE : When you say you were the commander, did you have power to select targets? -- No.

What were your powers in relation to the group? -- Whenever a misunderstanding develops between the groups, then it was my duty to settle that misunderstanding.

Sort of keeping law and order amongst yourselves? -- That is correct.

You told the Court that the teaching that you got was that there was to be no indiscriminate killing or

... / injuring

injuring of people by the ANC. -- That is correct.

From what you heard about the attack on the bank, what would you say about that? -- I would say this was an irresponsible deed and I would further say it is contrary to the policy of the ANC.

Would you believe that these people had got orders from the ANC to attack the bank or would you say it was a frolic of their own, from what you know of the ANC? -- I do not believe that these were instructions from the ANC.

These three people who were involved in the attack on the bank, do you know whether they had the full course of training that you and the other accused have had, the other accused who have given evidence? -- I only came to know Zindile in November 1979 and I saw him in Maputo. The others I only knew by seeing them over there. I do not know whether they have been trained fully.

You came over on 9 December? -- That is so.

My Learned Friend put to you that you were here for two weeks. When were you arrested in fact? -- I was arrested on 18 December 1979.

What do you say about police stations? Were they regarded as targets in general? -- No, I would not say they were targets in general. It would have depended on reasons given for the attack on a police station, political reasons.

Reasons given to whom? Who would make decisions of this kind? -- The leaders of the ANC would have come to these decisions.

Do you yourself know of any reason why either the Pretoria West police station or Villieria police station

... / should

should be attacked by the ANC or by anybody else for that matter? -- I do not know of any reasons.

My Lord, I just want to put the record straight in regard to one thing. I have shown My Learned Friend this. In the cross-examination of Mr. Botha, reference is made to one Benedict Diphoko. We now know that his name is Hintsa. Do you know what happened to Hintsa, whether he ran away as suggested by My Learned Friend or not? -- I do not know what happened to him.

I may say, My Lord, I have shown it to My Learned Friend, Your Lordship asked the question "Van watter jaar" to Mr. Botha and he said "1979 het 'n opgeleide terroris Benedict Diphoko, die betrokke leë trommel aan my uitgewys." Then I asked him "Is hy deur 'n hof skuldig bevind van terrorisme?" "Nee, hy was nie skuldig bevind nie. Ons het hom vrygelaat op 11 Desember 1979."

<u>COURT</u> : I thought I put that question?

<u>MR. BROWDE</u> : The record shows I did. However, MY Lord, that is the point. There is one further aspect which I want - I may want to canvass with this witness, but I would like to talk to My Learned Friend about it, before I do so. I do not know whether Your Lordship and Your Lordship's assessors are going to ask him any questions, but might I suggest that if you are, that they are asked subject to ... (Court intervenes)

<u>COURT</u> : To my right to ask further questions?

<u>MR. BROWDE</u> : Yes. I will discuss it with My Learned Friend over the luncheon adjournment.

<u>COURT</u> : I made arrangements for the district surgeon to be here. Last night I thought about it. He could have been here really for no purpose, because I would not have

... / allowed

allowed you to interpose this witness's evidence with the district surgeon's evidence?

MR. BROWDE : No.

COURT : I take it that matter is settled. I do not want to hear anything about it, but I would suggest that if you are going to call him, that you call him after this witness.

MR. BROWDE : He is not available today. We did make arrangements for him to come after lunch any way, but he is not available today and it is connection with that that I would like to talk to My Learned Friend.

HOF: Jy sê dat jy vir beskuldigde nr. 5 ken? -- Ek ken hom.

Van waar? -- Ek ken hom vanaf Mosambiek en gedurende November 1979.

En verstaan ek die situasie reg dat jy saam met hom na die Republiek gekom het, saam met beskuldigde nr. 5 en Zindile? -- Dit is so.

Watter jaar was dit? -- In Desember 1979.

Jy het toe al 'n opdrag gehad? -- Ek het.

Was beskuldigde nr. 5 betrek by daardie selfde opdrag? -- Hy was.

En Zindile? -- Asook Zindile.

Dit was net julle drie? -- Dit was net die drie van ons. Ons was ook meegedeel dat twee ander by ons sal aansluit en die datum sal wees 21 Desember.

En toe was jy reeds gearresteer op daardie dag? -- Ek is die 18de in hegtenis geneem.

Ja, ek het jou net gevra, jy was toe op daardie dag reeds gearresteer? -- Ek was alreeds gearresteer.

As ek die getuienis van luitenant Visser korrek verstaan

... / dan

dan het beskuldigde nr. 5 vir die luitenant gesê dat hy tesame met Zindile en die ander twee terroriste gebly het
K141 by daardie basis 2. Die ander twee manne se name is John en Matue. Met ander woorde, hy, Zindile, John en Matue het daar in basis 2 gebly? -- Ek het ook so gehoor.

Sou dit die twee ander mense wees wat by julle sou aangesluit het waarvan jy toe nie bewus was nie of nie saam met hulle gebly het nie, want jy was toe al in die tronk? -- Ek neem so aan.

Jy het nie hulle name geken nie? -- Ek het nie hulle name geken nie.

Hoe 'n soort man was Zindile? Soos jy, wat streng gehoor gee aan die beginsels van die ANC of was hy iemand wat jy gesien het hy maak net soos hy eintlik wil in die tydjie wat jy met hom te doene gehad het? --Dit was 'n bietjie moeilik gewees om te bepaal watse soort persoon hy is, want hy was meeste van die tyd stil gewees.

Het jy, toe jy terugkom, voor jy gearresteer was, enige van die beskuldigdes geken, behalwe beskuldigde nr. 5? -- Beskuldigde nr. 1 was aan my bekend.

Jy het 'n opdrag gekry om die petrolopslagplekke by Waltloo aan te val en daar is vir jou gesê jou wapens sal jy kry op 'n plek, wat jy uitgewys het as die DLB op foto's 1 ensovoorts, BEWYSSTUK AC. Ek wys dit vir jou. Jy sien dit? Toe hulle vir jou die opdrag daar gee, het jy dit met hulle bespreek en gesê "Hoe moet ek die ding aanval? Hoe lyk hierdie tenks wat ek moet aanval?" En veral, het jy die wapens bespreek wat jy moes gebruik om die plek aan te val? -- Ek het.

En wat het hulle vir jou gesê? -- Ek is meegedeel dat dit die Bazooka sal wees wat ek moet gebruik.

... / Wanneer

Wanneer jy nou praat van 'n Bazooka, want jy het hom al 'n paar kere genoem, is dit hierdie RPG-7? -- Dit is die Bazooka.

Ja? -- En ook moontlik plofstowwe. Hulle het verder gesê dit sal afhang van my verkenning van die plek.

En daardie wapens en plofstof sal jy kry hier in Suid-Afrika? -- Dit is so.

Hoe het hulle vir jou vertel, waar sal jy dit kry? -- 'n Skets van die bêreplek is aan my gegee. Dit was in Ga-Rankuwa gewees.

Toe jy nou na hierdie plek toe gaan, het jy dit maklik gekry? -- Ek het dit maklik gevind.

En as ek jou getuienis reg verstaan, het jy onmiddellik daarnatoe gegaan om te kyk eers of die wapens reg is? -- Ek het.

Het jy opleiding gehad om hierdie RPG-7 te gebruik? -- Ja, maar die opleiding was net teoreties gewees. Ek het dit nie prakties gedoen nie.

Wat help dit nou as hulle vir jou sê jy moet 'n kanon gaan skiet en jy het daardie kanon nog nooit gesien nie, behalwe op die boek, hoe gaan jy dit ding gebruik? -- Ek sou saam met mense gegaan het wat dit sou gebruik het.

Wie sou die mense wees? -- Beskuldigde nr. 5 en Zindile.

Het hulle ondervinding daarin gehad? -- Ja. So is ek meegedeel.

Was beskuldigde nr. 5 en Zindile by jou toe jy by hierdie DLB die trommel uit die grond uithaal - of liewer die trommel oopmaak en kyk wat daarin is? -- Ons was saam gewees.

Kon julle sien of hierdie RPG-7 in die trommel was?

-- Ja, dit was sigbaar gewees.

Ek verstaan van jou getuienis dat julle hom nie uitgehaal het om te kyk of al sy dele daar is nie? -- Ons het nie.

Hoekom nie? -- Ons was daar anderkant gesê dat dit wel daar is en dat dit in orde is.

Wat vir my snaaks is en dit is waarom ek vir jou die vraag vra, is hierdie is die wapen wat julle moet gebruik. Wat sou dit nou help as julle alles regkry en julle kom en julle sien een deel van die wapen is nie daar nie? -- Soos ek gesê het, ons was daar anderkant gesê dat dit wel daar is en dit is kompleet.

Sê nou maar julle het die hele plek bespied en alles is reg en op 'n aand gaan julle om julle werk te doen en julle kom daar en julle vind sy lanseerder is nie daar nie, wat maak julle dan? -- Ons sou dan gaan sit en besluit het. Ons sou òf besluit het dat een van ons teruggaan om te gaan rapporteer dat die lanseerder nie daar is nie òf andersins die hele operasie maar los.

En dit net omdat julle nie die dag seker gemaak het of alles daar is nie? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

Julle kon gevind het dat die dag wanneer julle alles nou reg gehad het en baie moeite gedoen het, dat julle nie julle skietgoed het nie en dit net omdat julle nie seker gemaak het voorheen dat julle skietgoed daar is nie? -- Ek stem saam.

Jou getuienis in verband met Soweto het vir my enersyds geklink dat jy ontevrede was met die toestand in Soweto. Daarna het jy gaan werk en eers 'n ruk daarna toe jy probleme gehad het met die motorongeluk, het jy maar besluit dinge word nou te veel, nou loop jy? -- Ja,

... / dit

dit is net soos ek gesê het, dat hierdie latere voorval oor die voertuig, het bygedra tot my verlating van hierdie land.

Ja, want jy was nou sonder werk? -- Ja.

Wanneer was dit? -- In September 1977.

Was daar toe nog probleme in Soweto in September 1977? -- Ja, alhoewel dit nie meer so was soos dit in 1976 was nie.

Jy sien, want die indruk wat jy vir my gegee het, is jy is uit die land uit as gevolg van die probleme in Soweto. Dan sou ek nou verwag het dat jy baie vroeër as September 1977 sou gegaan het, as dit nou die probleme in Soweto was wat vir jou die land laat verlaat het, maar jy gaan nie baie vroeër nie. Jy kry werk en nadat jy probleme by die werk optel, dan gaan jy. Jy kan nou weer dink oor jou antwoord, want ek wil net vir jou 'n ander ding by gevra het, want die vraag is lank. As jy nou nie jou werk verloor het nie daar by die Beeld, sou jy nog gegaan het? Dit is die vraag waarop ek neerkom? -- Miskien sou ek geloop het, want ek was die hele tyd nie tevrede gewees nie. Ek was nie tevrede gewees met die manier hoe die Swartmense in hierdie land behandel word nie.

Hoekom het jy dan nie vroeër geloop nie, voordat jy by die Beeld begin werk het? -- Wel, dit het net so gebeur dat toe ek die werk verloor het, het ek maar besluit om te loop.

Watter taal het julle by Die Beeld gepraat? -- Ons het ons eie taal, dit is die Swarttaal, gepraat, Afrikaans en Engels.

Kan jy Afrikaans praat? -- Nie so goed nie.

... / In

In Boons, is dit maar waar jy jou verstand gekry het in Boons? Of laat ek dit anders stel. Is dit nou maar waar jy was vandat jy jonk was? -- Ja.

En alles wat jy vir ons vertel het van wat daar gebeur het in verband met die verskuiwing van die mense is dit wat jy gehoor het van jou oupa wat nie tevrede was om te loop nie? -- Ja en wat ek ook self gesien het.

Jy sien, nou sê jy wat jy self gesien het, want jy praat van 'n dokument wat jou oupa sou gehad het daarso en dit is aan jou gestel dat hierdie grond was inderdaad geregistreer in die naam van Catharina. Watse dokument praat jy nou van, want die twee dokumente kan nie bestaan nie? -- Ek weet nie, want ek het die woord "landkaart" gebruik. Ek het dit van my oupa gekry.

Kan jy my net vertel, daardie landkaart of dokument, hoe het hy gelyk? Wat het daarin geskrywe gestaan? -- Nee, ek het dit nie gesien nie. My oupa het vir my daarvan gesê.

Kan jy vir my 'n bietjie vertel, toe julle daar gebly het, jy ken die wêreld, het elke persoon wat daar gebly het en jou oupa 'n stuk grond gehad wat hy geploeg het? -- Dit is so.

En wat van hulle beeste? Waar het hulle beeste geloop? -- Daar was weiplekke gewees.

Waar? In hierdie plotte, in hierdie stukkies grond wat afgesny was? -- Dit was nie plotte gewees nie. Dit was groot lande gewees.

Ek noem dit maar 'n plot. Jy weet, 'n plot is tot 25 morge groot. Ek weet nie of jy weet hoe groot 'n morg is nie. Ek wil nie met 'n plot vir jou die idee gee dit is 'n klein stukkie grond nie. Hy is nie soos 'n erf hierso

... / nie

nie. Die beeste, het hulle geloop daar op daardie stukke grond? Ek sal dit nou maar stukke grond noem in plaas van plotte. Het die beeste geloop op daardie stukke grond? -- Nee, die posisie was daar was 'n ander stuk grond waar al die beeste, almal se beeste, gewei het.

So, die mense het bymekaar gebly. Waar hulle huise was, het hulle bymekaar gebly en dan het hulle hulle beeste daar op die oop stuk grond laat loop? -- Dit is so.

Jy sê die minderheid wou gaan en die meerderheid wou bly. Het jy hulle getel? Of is dit wat jy van jou oupa gehoor het? -- Ek het nie getel nie, maar ek praat so, want die mense wat die plek verlaat het oorspronklik, was minder as dié wat agtergebly het.

Baie minder of net minder? -- Wat agtergebly het, was meer as dié wat geloop het.

Dit het jy nou maar geskat? Jy het hulle nie getel nie? -- Ek het nie getel nie.

Is jy en jou oupa toe ook weg uiteindelik daar na die nuwe plek toe? -- Ek is toe Dobsonville woongebied toe. My oupa is eers in hegtenis geneem en soos ek gesê het, toe hy vrygelaat is, is hy en ander ook na die nuwe plek toe geneem.

Het jy hom daar gesien? -- Ja.

Waar het hy toe gebly? Wat was sy huis? -- Dit was van sinkplate gemaak.

En was sy vrou daar of jou ma daar of ander familielede daar? -- My ouma, sy vrou, was daar gewees.

En bly hulle nog daar? -- Hulle is nou altwee oorlede.

En die kinders van hulle, jou ma of familie van jou, bly hulle nog by daardie plek of nie? -- Niemand woon daar nie. Die huis is gesluit. Niemand van die familie

... / wil

**Collection Number: AD2021**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.